

/CCC

SAAK NO: 45/93IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

PATRICK KUBHEKAAPPELLANT

en

DIE STAATRESPONDENTCORAM: NESTADT, VAN DEN HEEVER ARR et MAHOMED Wnde ARVERHOORDATUM: 22 MAART 1994LEWERINGSDATUM: 24 MAART 1994

U I T S P R A A KNESTADT, AR:

Die appellant is in die Streekhof in Germiston
aan huisbraak met die opset om te steel en diefstal

skuldig bevind. 'n Vonnis van ses jaar gevangenisstraf waarvan twee jaar voorwaardelik opgeskort is, is aan hom opgelê. Op appèl na die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling is die vonnis verminder na vier jaar gevangenisstraf waarvan die helfte opgeskort is. Hierdie verdere appèl teen vonnis dien voor ons met verlof van hierdie Hof.

Die feite van die misdaad kan kortliks saamgevat word. Die appellant en twee ander het op 17 Mei 1991 by die huis van die klaagster ingebreek en items ter waarde van tussen R9 000 en R10 000 gesteel. Toegang is tot die huis verkry deur 'n ruit van 'n kamer in die huis te breek.

Die Verhoorhof het tereg daarop gewys dat die misdaad 'n ernstige een was. Dit is klaarblyklik vooraf beplan. Die huis is in wanorde gelaat. Die betrokke misdryf kom dikwels voor. Soos alreeds

aangedui, is 'n groot hoeveelheid goedere gesteel.

Normaalweg verg die belange van die gemeenskap dat 'n stewige vonnis vir hierdie tipe misdaad opgelê word, selfs waar dit deur 'n eerste oortreder gepleeg is. Die huidige geval is egter 'n uitsondering. Die appellant is nie net 'n eerste oortreder nie, hy is ook 'n jeugdige. Hy was slegs sestien jaar en vyf maande oud toe hy die misdaad gepleeg het. Hy was nog maar 'n skoolkind (in standard agt) wat op die betrokke dag stokkies gedraai het. In hierdie omstandighede was 'n vonnis van gevangenisstraf onvanpas en deur dit te vel (boonop sonder enige voorvonnisverslag) het die landdros nie sy diskresie behoorlik uitgeoefen nie. In beginsel is dit onwenslik om kinders bloot te stel aan die nadele van gevangenisstraf (kyk S v Theron 1986(1) SA 884(A) te 897 G; Hiemstra Suid-Afrikaanse Strafproses, 5e uitgawe 713). Die hof a quo (wat beseft

het dat die appellant waarskynlik beïnvloed is of 'n mindere deelnemer was) het ook na my mening gefouteer deur hierdie strafvorm in stand te hou.

Bygevolg is ons geregtig om die vonnis tersyde te stel en dit te vervang met een wat direkte gevangenisstraf vermy. Daar is verskillende opsies. Die vernaamste is (i) lyfstraf; (ii) uitstel van vonnis (kragtens art 297 van Wet 51 van 1977); (iii) die verskillende keuses wat art 290 bied; (iv) korrektiewe toesig kragtens art 276(1)(h); of (v) gevangenisstraf wat opgeskort word. Ons het al hierdie moontlikhede oorweeg en tot die slotsom geraak dat laasgenoemde in die omstandighede van die onderhawige geval gepas is. So 'n vonnis hou die voordeel in dat die saak wat lank sloer onmiddellik afgehandel kan word sonder terugverwysing vir die verkryging van 'n proef- of korrektiewe beampte se verslag. Appellant se moeder,

